

DIE LEERPLANNE IN GESKIEDENIS*

Ondanks die drastiese herbeplanning van die huidige leerplanne in geskiedenis, sowat 'n dekade gelede, neem die vak op die hoërskool nie in gewildheid toe nie. Die posisie van geskiedenis as skoolvak in die middelbare leergang bly gevolglik onder die soeklig. In hierdie omstandighede moet die Universiteit van Stellenbosch en die Kaapstadse tak van die *Historiese Genootskap* gefelisiteer word vir die skepping van hierdie geleentheid waar geskiedenisonderwysers deur middel van samepreking, gedagtes oor bestaande probleme kan wissel, ten einde vas te stel wat die grondoorsake vir hierdie probleme is, en middele vir 'n moontlike oplossing te soek.

Die onderwerp wat ek moet inlei, gaan oor die *Leerplanne self*. In ons geleedere bestaan daar meningsverskil omtrent die inhoud van die leerplanne en oor die metode van eksaminering daarvan. Laasgenoemde vraagstuk is m.i. maar net die ander kant van dieselfde probleem, indien dit nie dalk die eintlike probleem ten opsigte van Geskiedenis as skoolvak is nie. Maar daarby vir eers gelaat.

1. *Die leerplan is op vooropgestelde doelstellings gebaseer*

'n Skoolleerplan baken die studiegebied van 'n vak af. Dit dui die grense van die terrein aan waarin die onderwyser vryelik kan beweeg. So 'n leerplan word egter nie sommer na willekeur opgestel nie. Intendeel, dit word naarstiglik in die lig van aanvaarde doelstellings en beginsels beplan. Daar moet enersyds noukeurig rekening met die algemene doelwit in die opvoeding gehou word, en andersyds met die bepaalde funksie wat die skoolvak in die algemene opvoedingsprogram moet vervul. Andersom gestel: 'n leerplan word opgestel in ooreenstemming met die algemene doelstellings van die onderwys en die besondere doelstellings wat met die onderrig van die vak beoog word. Diegene wat al in Leerplankomitees van die Onderwysdepartement gedien het, weet hoeveel kosbare tyd vooraf bestee word aan die vaslegging van sodanige beginsels, eerdad daar met die opstelling van die leerplan self 'n aanvang geneem word.

Die departementele handboek vir die Junior en Senior Sekondêre Kurusse bied 'n volledige uiteensetting van die doelstellings vir iedere skoolvak aan. Hierdie verklarende inleiding moet dan as sleutel vir die interpretasie van die leerplanne dien. Vir die doel van hierdie Konferensie, laat my toe om hierdie doelstellings kortliks saam te vat. Ons kan dit so stel: dat wat die algemene einddoel van die onderwys betref, dit die opvoeding van die *hele kind* beoog, d.w.s. sy volle ontplooiing na die verstand, liggaam en gees. Elke skoolvak lewer dan sy besondere

* Dié referaat is hoofsaaklik op die Kaapprovinsie van toepassing, maar die strekking en inhoud daarvan, behoort nietemin 'n stimulerende weerklank in die res van die Republiek te ontvang. — Redakteur.

bydrae vir die ontplooiing van die kind se gewas en belangstellings. Wat is dan die besondere taak wat die onderwys in Geskiedenis moet verrig in hierdie ontplooiing? Die Geskiedenis spits hom toe op 'n studie van die mens as 'n sosiale wese: hy woon binne 'n gemeenskap. Die mens woon ook binne die grense van 'n staat, en in ons Westerse bedeling beteken dit 'n demokratiese staat. Daarin geniet hy as volwaardige burger sekere voorregte; maar in dieselfde hoedanigheid dra hy ook bepaalde verantwoordelikhede en verpligtinge. Dit is die besondere taak van die geskiedenisonderrig om die adolessent op te voed vir *voorbeeldige burgerskap*. Dit bly na my mening in wese die hoofsaak van die Geskiedenisonderrig.

2. *Riglyne vir die opstelling van ons leerplanne*

Die vraag ontstaan: Op watter wyse moet daar uitvoering aan hierdie doelstelling gegee word? Hier gaan dit oor die *keuring* en samestelling van die *inhoud*, die leerstof waarmee die geskiedenisonderrig sy opvoedkundige taak moet verwesenlik. Dit is 'n aangeleentheid waaroor begrypkerwys nogal veel meningsverskil bestaan. Wat behoort die vernameste *riglyne* te wees wat as grondslag vir die opstelling van ons leerplanne moet dien? Ek sal vier probeer aandui; en onderwyl ek hul motiveer ook kommentaar lewer. Dit doen ek gewis nie as betersweter nie, maar met die doel om verder bespreking by u as Konferensiegangers uit te lok.

(a) *Opvoeding vir leierskap in 'n demokratiese samelewing*

Ons is inwoners van 'n land wat volgens 'n demokratiese lewenspatroon ingerig is. Ons beoefen dit deur vryheid van spraak en meningsuiting, deur godsdiensvryheid en deur die oppergesag van die reg. Ons bely dit as ons politieke geloofsbelydenis langer as 'n eeu op staatkundige gebied deur 'n parlementêre stelsel wat op die stemreg, geheime stemming, gekose verteenwoordiges en verkiesings berus, vir die uiting van die volkswil. Ons *eerste riglyn* moet gevolglik wees: die keuring van leerstof wat geleentheid bied vir opleiding in gesonde leierskap in 'n demokratiese samelewing.

Om die toekomstige burger bewus te maak van die wyse waarop demokratiese instellings fungeer, moet hy begryp hoe die verskeie afdelings van die landsbestuur saamgestel is. Dit behoort hom 'n duidelike beeld te gee van die wese van volksbestuur veral ten opsigte van samestelling en funksies. Daar word m.i. ruim voorsiening in ons sekondêre leerplanne vir hierdie soort opvoeding gemaak. Deur middel van hierdie grondwetlike studies raak die adolessent vertrouwd met die aard en wese van ons landsbestuur op plaaslike sowel as nasionale vlak. Kritiek kan egter hier oor die keuse van leerstof gelever word. Daar bestaan soveel vryheid van keuse dat in sommige skole hierdie belangrike studierigting stiefmoederlik behandeling op Junior Sertifikaatvlak geniet, aangesien slegs gedeeltes van die grondwet bestudeer word. Op Senior Sertifikaat-

vlak gaan dit veel erger, want daar is 'n menigte skole wat dié onderwerp eenvoudig net links laat lê. Hierdie weglating doen veel skade aan die aankweek van gesonde burgerskap op skool. In werklikheid is dit 'n ernstige mistasting as mens in gedagte hou dat meer as helfte van ons sekondêre leerlinge skool aan die einde van st. VIII verlaat en dat 'n menigte nooit weer formele onderrig op hierdie gebied na st. X sal kry nie. In hierdie verband moet verder daarop gelet word dat sowat 40 persent van leerlinge in Senior Sertifikaat nie eens Geskiedenis as skoolvak aanbied nie. Waar 'n senior leerling Geskiedenis uitskakel, vra mens jou af of 'n spesiale kort kursus in burgerkunde, van nie-eksaminerende aard, nie vir diegene gereël moet word nie. Ook stel dit ons voor die vraag: Moet geskiedenis 'n verpligte skoolvak tot st. X wees?

Hierdie studierigting bring ons voor 'n ander vraag te staan: Is 'n studie van ons bestuursliggame 'n toereikende opleiding op skool vir burgerskap? Baie is die mening toegedaan dat dit nie voldoende is nie. Gaan u daarmee akkoord? In die ouere lande sit die owerheid met die hande in die hare vanweë die aanwesigheid van ernstige maatskaplike en sedelike probleme onder die jeug wat hul ontstaan te wyte het aan die toenemende tempo van verstedeliking. Ons verwys hier in die besonder na jeugbendes, algemene gebrek aan burgersin, morele insinking en uitdaging van die gesag. In watter mate dit ook te wyte is aan die oormaat van bestaansveiligheid soos deur die welsynstaat aangebied, gaan moeilik om te bepaal. In hierdie lande het daar in die afgelope jare 'n nuwe denkrigting ontstaan, nl. dat veel meer nadruk op *burgerkunde* gelê moet word, ten einde die jongere geslag met doelgerigtheid op te voed omtrent sy pligte en verantwoordelikhede in 'n gesonde demokratiese gemeenskap. Daar word benadruk dat hy as burger meer positief en eerbaar moet optree in die beoefening van sy burgerpligte. Veel klem word ook gelê op die verduideliking van landsbeleid en die aard van landsprobleme. Daar word m.a.w. erken dat die formele studie van landsbesture (samestelling en funksies) heeltemal ontoereikend vir die aankweek van gesonde burgerskap is. Hierdie soort opleiding vereis baie meer, aangesien dit alleen kan slaag indien dit op 'n gesonde morele grondslag en lewensuitkyk gefundeer is.

Dit sal lonend wees om hier vir 'n paar oomblikke stil te staan en die menings van Plato, die groot Atheense opvoedkundige denker, te betrag, wat met 'n soortgelyke onderwysprobleem geworstel het, vyf-en-twintig eeue gelede toe sy geliefde Athene met 'n soortgelyke insinking bedreig was. Hy het daarop gewys dat eerbare leierskap afhanklik is van 'n gesonde lewensuitkyk en dat die skool die aangewese kweekplek vir daardie eienskappe is. Hy het gewys op die behoefte vir objektiewe oordeel — gewis 'n werklike behoefte van ons tyd — en die inskerping van deugde soos eerlikheid, diensbaarheid, self-beheersing, regverdigheidsin, want dit is die waarborg vir kragdadige leierskap en gesonde landsbestuur. Al hierdie stellings is m.i. nog vandag vir goeie burgerskap geldig. Om hierdie deugde onder ons jeug te bevorder neem plaaslike

liggame soos *Die Burger* en die Rotariërs die leiding met jeugleierskonferensies. Maar hierdie pogings is te beperk: hul moet m.i. meer doelbewus op ons skole aangepak word. In hoeverre kan ons geskiedenis- onderwysers hierdie lofwaardige taak met welslae verrig? Seer sekerlik nie met sedeprekies in die klaskamer nie. Dit is ons oorwoë mening dat ons leerplanne vir daardie taak doeltreffend aangevul kan word. Tydens die behandeling van onderwerpe, soos die ondergang van nasies en beskawings, kan hierdie morele eienskappe doelbewus beklemtoon en toegelig word. Ons dink hier aan gebeure soos die Verbrotkeling van die Romeinse Ryk, die Franse Rewolusie en die Oktober-revolusie in Rusland. Ons pleidooi is derhalwe dat hierdie aspek van Burgerkunde meer in die gewone onderrig benadruk word. Die leerplan skep genoeg geleentheid om dit met welslae te doen. Gaan u akkoord daarmee?

(b) *Die Studie van Vaderlandse Geskiedenis is 'n Voorvereiste vir Gesonde Burgerskap*

Die leerplan moet nie slegs geleentheid bied vir die opleiding vir leierskap nie. Dit moet ook 'n grondige kennis aan die adolessent oordra van die *geskiedenis van sy vaderland*. Dit is 'n tweede riglyn vir die keuring van die leerstof vir die geskiedenisleerplan. Geskiedenis van sy Vaderland herinner hom aan sy roemryke volksverlede. Dit voer hom terug na die groot momente in sy nasionale geskiedenis wat hom moet besiel. Dit bring hom in aanraking met ons vermaarde volkshelde, manne van visie en manne van die daad. Dit verduidelik aan hom die ontstaan en betekenis van huidige staatsinstellings. Dit verklaar ons bevolkingstruktuur met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike implikasies. Die Vaderlandse Geskiedenis is derhalwe die kosbare nalatenskap van ons volksverlede. Dit dien as geestelike stukrag vir die huidige geslag en as sy besieling vir die toekoms. Dit bevorder onregstreeks die aankweek van gesonde burgerskap.

Die vraag word nogal gestel of met die keuring van hierdie gedeelte van die leerplan 'n *duidelike beeld* van die volksgeskiedenis aan ons jongmense werklik gegee word. Aangesien hul nie net met die „verlede” kennis moet maak nie, maar ook opgelei moet word as burgers van die toekoms, word die vraag gestel of die leerplan nie gebeure uit die Kompanjies tydperk en dié van die 19de eeu oorbeklemtoon ten koste van die eietydse nie. Andersom gestel: gee ons leerplanne 'n juiste perspektief van Suid-Afrikaanse Geskiedenis vir die jeug van vandag en die burgers van oormôre? Die beeld van 'n land se Geskiedenis verander geleidelik namate eietydse bewegings hul hoogtepunt bereik. Byvoorbeeld: die geskiedenisbeeld van Suid-Afrika het in die 20ste eeu 'n hele verandering ondergaan. Met die totstandkoming van die Unie (1910) het die beeld van 'n Brits-Afrikaner-stryd vervaag, want daarmee het die dominasie van één blanke groep oor die ander verdwyn en die voortbestaan van twee volksgroepe op die grondslag van volkome gelykheid het

sy beslag gekry. Hierdie geskiedkundige feit het die ontplooiing van ons volksgeskiedenis vir die volgende halfeeu bepaal. Hierdie belangrike aksentverskuiwing word ook in die geskiedenisleerplanne weerspieël, hoewel taamlik langsaam. „British History” kry ’n minder prominente plek, onderwyl „Cape History” al meer die gedaante van Vaderlandse Geskiedenis begin aanneem. Laat ons ’n tweede voorbeeld neem. Namate ons nywerheidsontwikkeling gedurende die dertigerjare in tempo toeneem het, vind die Bantoe-trek na die stede in toenemende mate plaas. Daardeur het die kwessie van rasse-verhoudinge al hoe meer in ons land prominent na vore getree. Weer eens word hierdie nuwe beeld in ons leerplanne trapsgewys aangebring. Minder nadruk word vandag op die grensoorloë gelê, en ekonomiese en maatskaplike toestande in die reservate en die stede trek al meer die aandag. Hierdie verskynsel verklaar die invoeging van studie-onderwerpe oor die Bantoe in die jongste Junior en Senior Sertifikaat-leerplanne toe hul opgestel is sowat tien jaar gelede.

Dit bly nog ’n pertinente vraag of die huidige leerplanne ’n regte perspektief van ons geskiedenis gee wanneer die jongste gebeure in ons land en op die Afrikaanse vasteland in ag geneem word. Moet die leerplanne oor ons Vaderlandse en Grondwetlike Geskiedenis na republiekwording (1961) opnuut georiënteer word? Moet in ’n nuwe benadering meer klem op eenwording en ’n gemene S.A. burgerskap en minder op verdeeldheid gelê word? Dié gebeure dui daarop aan dat die tyd vir ’n nuwe re-oriëntering van die geskiedenisbeeld in ons leerplanne waarskynlik aangebreek het en dat sommige gebeure uit die vorige twee eeue drasties verkort, selfs verwyder kan word.

(c) *’n Kennis van Wêreldgeskiedenis is ’n noodsaaklikheid vir gesonde burgerskap*

Suid-Afrika lewe nie in afsondering van die res van die wêreld nie. Intendeel, gedurende die afgelope drie eeue het ons land vaste skakels met die Ooste en Wes-Europa bekom. Daarby is Wes-Europa die bakermat van ons beskawing. Daarbenewens het die strategiese ligging van die Kaap en die toenemende belangrikheid van onafhanklike Afrika-state die belangstelling van die groot moondhede in Suid-Afrika gaande gehou. Om al hierdie redes is dit gebiedend noodsaaklik dat die leerplan aspekte van die geskiedenis van oorsese lande, en van Wes-Europa in die besonder, insluit. Dit is dan ons derde riglyn.

So ’n breë oorsig van die vernaamste fases in die Westerse Geskiedenis kom in die Junior Sekondêre Kursus voor. In die leerplan vir die Senior Sertifikaat gaan dit meer bepaald oor die Algemene Geskiedenis van die afgelope 150 jaar. Weer eens moet die vraag gestel word of die juiste perspektief in die leerplan behou is. Heelwat in die studie-onderwerpe wat gaan oor die Liberalisme en die ontwikkeling van die Britse Ryk, kan verwyder word om plek te maak vir belangrike aspekte van die Kontemporêre Geskiedenis.

(d) *Die Plek van Eietydse Geskiedenis*

Daar was 'n tyd toe die opstellers van ons leerplanne, aan Geskiedenis as 'n suiwer akademiese dissipline gedink het. Net daardie gebeure wat al aanvaar is as objektief-geïnterpreteerde geskiedenis, is vir insluiting in die leerplan in aanmerking geneem. Daarom het die studie van die Europese Geskiedenis so teen 1870 geëindig en dié vir die Vaderlandse Geskiedenis so naastebly om 1890. As mens die politiek-belaaide atmosfeer van die twintigerjare in herinnering roep, kan hierdie standpunt ook begryp word. Nietemin was die geskiedenisleerplan 'n onrealistiese hulpmiddel om burgerskap aan te kweek.

Gedurende die dertigerjare het die demokratisering van ons Sekondêre onderwys plaasgevind. Al hoe meer leerlinge het by die hoërskool ingeskryf wat g'n voorneme gehad het om hul studies aan 'n universiteit voort te sit nie. Verder, met die koms van die radio het die wêreld meteens ingekrimp. Vanweë hierdie faktore het dit gebiedend noodsaaklik geword om 'n nuwe benadering tot die geskiedenisonderrig vas te stel. Op skool moes Geskiedenis as 'n meer *praktiese studie* aangebied word wat aan die adolessent die wêreld daarbuite behoorlik kan interpreteer sodat hy die nuusberigte beter kon begryp. 'n Kennis van eietydse geskiedenis het op skool 'n dringende vereiste geword. Indien nie, sou dit deur ander nuwe vakke in die leergang eenvoudig verdring word. Dit word dan ons vereiste riglyn om die inhoud van die leerplan te bepaal.

In die leerplanne van 1952 en 1956 het daar gevolglik 'n groot *deurbraak* ten gunste van eietydse geskiedenis plaasgevind. In seker opsigte was dit 'n gewaagde stap; maar omdat onderwysers hul streng by 'n objektiewe benadering van die jongste gebeure beperk het, het daar feitlik g'n politieke ontploffings plaasgevind nie. So het die eietydse geskiedenis 'n vaste plek in die nuwe leerplanne verower.

Geen ander gedeelte van die leerplan gee aan ons so'n duidelike beeld van die „Lewende Verlede” wat voortdurend in die „Hede” voortwerk nie. In die hande van die vindingryke onderwyser is dit 'n kragtige middel om aan dié skoolvak 'n nuwe aansien en bekoring te verseker.

Vanweë die vinnige verloop van gebeure in die afgelope dekade, sal dit nodig wees om die inhoud van hierdie gedeelte van die leerplan voortdurend te herwin. Baie meer behoort alreeds ingevoeg te word omtrent toestande in Afrika, die mag van die Afro-Asiatiese groep en die gedaanteverwisseling wat die V.V.O. ondergaan het.

3. *Die handboek en interpretasie van die inhoud van die leerplan*

Hoewel die onderwysdepartement leerplanne voorskryf, bly dit in werklikheid 'n eienaardige toestand van sake dat hy dit nie self interpreteer nie! Die Departement dui slegs die hoofrigtings daarvan aan. Die eintlike interpretasie laat hy aan die vakonderwyser oor, maar dié taak word feitlik deur ander belanghebbendes onderneem. Hier bedoel ek die *handboekskrywers*. Hoewel hul meesal vakonderwysers self is, werk

hul gewoonlik op hul eie sonder om die onderwyserkorps te raadpleeg. Waar die skrywers ervare onderwysers en vakmanne is, verrig hul baie nuttige werk, want hul verskaf die grondwerk waarop die vakonderwyser sonder moeite kan voortbou. Die vraag ontstaan egter: Is hierdie metode van interpretasie van die leerplanne 'n gesonde beleid?

Die skrywers is ook maar menslik en begaan foute ten opsigte van interpretasie, veral met betrekking tot gedeeltes waar hul vakkennis ietwat beperk is. Vir jare daarna kan dit wel gebeur dat onjuisthede in die klaskamer verkondig word. Soms is daar ook verskille ten opsigte van benadering omdat skrywers bepaalde denkrigtings huldig. Ons noem hier as voorbeelde die behandeling van die Hottentotbeleid (ook die Grensbeleid) gedurende die eerste helfte van die 19de eeu, Die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog. Is dit moontlik om objektief te skryf in 'n veelrassige land soos Suid-Afrika, wanneer verskille in benadering van feite bepaal word deur 'n mens se historiese verlede?

Soms gebeur dit wel dat die handboekskrywers die inhoud van die leerplan te uitvoerig behandel. Dit kan maklik gebeur omdat seleksie van gewens altyd 'n moeilike taak bly. Die onderwyser wat die handboek dan as 'n juiste vertolking van die Departementele leerplanskema aanvaar, sit dan in die pekel. Dit bly ook m.i. die vernaamste redes vir die klagtes omtrent oorlaaide leerplanne hoewel die leerplankomitee nooit so iets beoog het nie. Hoe kan so 'n leemte uitgeskakel word? Moet daar oorgegaan word tot die opstelling van 'n amptelike handboek? Watter gevare sou so 'n besluit vir ons land en skole inhou?

4. Die openbare eksamen en die studie van die inhoud van leerplanne

Niemand sal die feit ontken dat die openbare eksamen 'n onmiskenbare invloed uitoefen op die behandeling van die leerstof. Die ervare onderwyser kan betreklik gou vasstel uit watter gedeeltes van die leerplan die vrae gewoonlik gekies word, d.w.s. watter onderwerpe die geskikte vir eksaminering is. Die versoeking bestaan dan dat die aandag grotendeels op daardie gedeeltes toegespits word.

Die besondere hoë eise wat die openbare eksamen aan die gemiddelde leerling stel, veral ten opsigte van die memorisering van feite, skyn 'n belangrike rede te wees waarom leerlinge sku is om Geskiedenis as skoolvak te kies. Indien dit van nut blyk te wees, sal dit enigsins help om die leerplan te moderniseer (wat inhoud betref) ten einde die vak meer gewild op skool te maak? Wat is u mening daaromtrent? Moet die sogenaamde ongewildheid van Geskiedenis nie verklaar word in die lig van die intense mededinging wat dié vak die afgelope twee dekades met ander *praktiese* vakke moet deurmaak nie?

Die omvang van die geheuewerk wat die vak vereis, het baie stemme laat opgaan ten gunste van die algehele afskaffing van die openbare eksamen in Geskiedenis. Sal so 'n stap nie die aansien van die vak in die leergang nadelig tref nie? Wat is u mening hieromtrent?

5. *Die leerplan van bepaling van aanbidding*

Die wyse waarop die leerplan opgestel word, kan ook in 'n mate die manier van aanbidding beïnvloed. Laat my toe om hierdie bewering deur 'n voorbeeld toe te lig. In die vroeëre leerplanne vir die Senior Sertifikaat, is die inhoud aangedui by wyse van tydsvakke of kort studie-onderwerpe. As voorbeeld noem ons 'n paar onderwerpe aangegee onder die hoof S.A. Geskiedenis — t.w. die tydperk van tydelike bewind (1795-1806), die hooffeite van die politieke en ekonomiese geskiedenis in Suid-Afrika tot 1910. Die onderwerpe dui g'n duidelike stroming aan nie. Vir die leerling met 'n besondere aanleg vir Geskiedenis lewer so 'n voorstelling van die gebeure nie veel moeilikhede op nie, mits die onderwyser die nodige voorligting gee. Maar vir die kind wat min aanvoeling vir die vak het, bring hierdie manier van aanbidding 'n mate van verwarring mee, aangesien hy nie daartoe instaat is om die verskeie onderstrominge raak te sien en die verband aan te toon nie. Die leerplan-komitee wat die jongste leerplan vir die Senior Sertifikaat moes opstel, het gevolglik besluit om die leerplan in die vorm van lang, deurlopende studie-onderwerpe aan te bied. Die komitee was van mening dat die leerling dan die belangrikste strominge makliker kan begryp en baas-raak. Ons is bewus van die feit dat sommige van ons kollegas nie daarmee instem nie. Graag verneem ons hoedat hierdie vorm van aanbidding die gesindheid van die minder-begaafde leerling tot die vak beïnvloed het.

Ons het opsetlik behandeling van die vak Sosiale Studie vermy, want daarvoor is verlede jaar in *Die Unie* breedvoerig uitgely. Maar dit bied genoeg strydvrage aan, wat in hierdie Konferensie aandag behoort te geniet.

Maar ons moet afsluit. In hierdie praatjie het ons deurgaans probeer om geskilpunte aan u te stel sodat u flink aan die bespreking kan deelneem. Mag dit met veel vrug gebeur.

Prof. G. J. J. Smit.